


Die volgende vrae word op die onderstaande gedig gebaseer. Lees eers net die titel van die gedig.

As niemand kyk nie ...

Meneer de Beer skil netjies ’n peer
en eet graag kabeljou.
Maar as niemand vir hom kyk nie,
sal hy sommer oopmond kou.

Mejuffrou Louw pronk soos ’n pou,
hou van haar lippies tuit.
Maar as niemand vir haar kyk nie,
steek sy haar tong lank uit.

Tannie Meraai is verskriklik kwaai en
het ’n stywe nek.
Maar as niemand vir haar kyk nie,
trek sy graag skewebek.

Ek klouter en klim en hou my slim,
ek raas en woed en vat Boetie se goed.
Maar as niemand vir my kyk nie ...
is ek rêrigwaarstroopsoet!



**PRE-LEES**

- Bestudeer die titel. In watter situasies sal ’n mens hierdie woorde gebruik?
- Watter woorde assosieer jy met hierdie frase?
- Wanneer jy iets goeds doen maar niemand is daar om te sien wat jy doen nie, wat gaan deur jou gedages? Wat hoop jy gebeur?
- Wat is die ding wat jy die meeste doen wanneer niemand kyk nie?
- Waaroor dink jy sal hierdie gedig gaan?

**POST-LEES**

- Lees die gedig met aandag deur en beantwoord die vrae.

1. Die titel eindig met ’n ellips of beletselteken. Die funksie daarvan is om aan te dui dat woorde weggelaat is.

   1.1 Hoe sou jy die titel voltooi? Skryf twee voorbeelde neer.

   1.2 Voltooi die sin asof jy juffrou Louw is.

   1.3 Voltooi die sin asof jy Boetie is.

2. ’n Gedig is net soos ’n storie maar vertel in baie minder woorde.

   2.1 Hoeveel karakters is daar in hierdie gedigtestorie?

   2.2 Watter karakter, dink jy, is dalk ’n bietjie van ’n perfeksionis?

   2.3 As al drie hierdie karakters onderwysers was, watter een, dink jy, se klasse sou die soetste gewees het? Motiveer jou antwoord.

   2.4 Met watter karakter kan jy identifiseer en hoekom? (Met ander woorde, watter karakter se handeling sal jy ook gewoonlik doen?)

3. Bestudeer strofe 1-3 deeglik.

   3.1 Wat het die eerste twee reëls van elke strofe in gemeen?

   3.2 As jy na die laaste twee reëls van elke strofe kyk, waar dink jy sal die karakters hierdie aksies uitvoer: in die publiek of in die privaatheid van hulle huise?

   3.3 Watter karakter lyk of hy/sy ’n sin vir humor het? Motiveer jou antwoord.

4. Mejuffrou Louw hou daarvan om te pronk.

   4.1 Wat dink jy beteken dit as iemand daarvan hou om te pronk?

   4.2 Hoe dink jy sal mejuffrou Louw pronk?

5. Wie is die verteller in die gedig? Motiveer jou antwoord.

6. Bestudeer die **slotstrofe**.
Dink jy die spreker is ouer of jonger as haar boetie? Verduidelik hoekom jy so sê.

6.2 Wie, dink jy, wil die spreker in die laaste strofe hê moet sien dat sy regtig ook soet kan wees?

6.3 Waaroor het die spreker heel moontlik raas gekry?

**POLFYNTJIES VIR DIE TONG**



**Gebruik die verklarings aan die regterkant en soek vir elke idioom sy verklaring.**

| Idioom | Verklaring |
|---|---|
| 1. Met gebakte pere sit. | a) om heeltemal tuis en gemaklik te wees |
| 2. Hy hang aan almal se lippe. | b) om baie gulsig te wees |
| 3. Met geleende vere pronk. | c) om baie geleerd te wees, baie te gestudeer het |
| 4. Hy is soos ’n vis op droeë grond. | d) om baie sterk drank te drink |
| 5. Hy eet soos ’n wolf | e) om nie baie lus te wees om te eet nie |
| 6. Dit is op almal se lippe. | f) om aandagtig na almal te luister |
| 7. Sy is soos ’n vis in die water. | g) om met iemand anders prestasie spog en maak of dit joune is |
| 8. Sy eet langtand aan die kos. | h) om met onaangename gevolge te sit |
| 9. Daardie man het letters geëet. | i) almal praat daaroor |
| 10. Hy drink soos ’n vis. | j) om heeltemal magteloos te wees |

